

DIE WAGTORING

KONDIG JEHOVAH SE KONINKRYK AAN



STUDIEARTIKELS

3-9 JUNIE

**Vind ten volle by
Bybellees baat**

BLADSY 7 • LIEDERE: 114, 113

10-16 JUNIE

**Help jouself en ander
deur God se Woord
te gebruik**

BLADSY 12 • LIEDERE: 37, 92

17-23 JUNIE

**'Maak seker van die
belangriker dinge'**

BLADSY 22 • LIEDERE: 70, 98

24-30 JUNIE

**'Moenie moeg
word nie'**

BLADSY 27 • LIEDERE: 129, 63





NEPAL

VOORBLAD: In die meeste gemeentes kom die broers om 7:30 of vroeër bymekaar om te preek. Hulle maak van elke geleentheid gebruik om vir mense op straat te getuig

BEVOLKING

26 620 809

VERKONDIGERS


1 667

BYBELSTUDIES

3 265

Oor die afgelope vyf jaar het Nepal 'n vermeerdering van gemiddeld 14 persent per jaar in verkondigers gehad

■ VERKONDIGERS
■ BYBELSTUDIES



STUDIEARTIKELS

- **Vind ten volle by Bybellees baat**
- **Help jouself en ander deur God se Woord te gebruik**

Paulus het geskryf dat 'die woord van God lewend is en krag uitoefen' (Heb. 4:12). Maar ons sal slegs by hierdie krag baat vind as ons God se geïnspireerde Woord bestuur en die leringe daarin toepas. Hierdie artikels beklemtoon 'n doeltreffende metode van Bybelstudie en toon hoe ons kan toelaat dat goddelike wysheid ons bediening en ons persoonlike lewe beïnvloed.

- **'Maak seker van die belangriker dinge'**
- **'Moenie moeg word nie'**

Ons het die voorreg om deel te wees van God se ontsagwekkende, universele organisasie. Maar hoe kan ons die werk wat dit vandag doen, heelhartig ondersteun? Wat sal ons help om met Jehovah se organisasie tred te hou en nie moeg te word nie? Hierdie artikels sal verduidelik.

OOK IN HIERDIE NOMMER

- 3 Hulle het hulle gewillig aangebied—In Mexiko
- 17 Vyf dekades in die voltydse diens naby die Noordpoolsirkel
- 32 Het jy geweet?



in Mexiko



DIT is hartverblydend om te sien hoe al hoe meer jong Getuies hulle lewe vereenvoudig sodat hulle hulle Christelike bediening kan uitbrei (Matt. 6:22). Watter veranderinge bring hulle aan? Voor watter uitdagings kom hulle te staan? Kom ons vind die antwoorde deur party wat tans in Mexiko dien, beter te leer ken.

‘ONS MOES VERANDERINGE AANBRING’

Dustin en **Jassa** van die Verenigde State is in Januarie 2007 getroud. Kort daarna kon hulle hulle lewenslange droom verwesenlik—om ’n seilboot te besit en heeljaar daarop te woon. Hulle het hulle boot vasgemeer naby Astoria, Oregon, VSA, ’n skilderagtige dorp omring deur woudbedekte heuwels en sneeubedekte berge, wat net ’n entjie van die Stille Oseaan af geleë is. “Waar jy ook al gekyk het”, sê Dustin, “was die uitsig asemrowend!” Die egpaar het gevoel dat hulle ’n eenvoudige lewe lei en op Jehovah vertrou. Hulle het gedink: ‘Ons woon immers op ’n agt meter lange boot, werk deelyds, behoort aan ’n anderstalige gemeente en dien van tyd tot tyd as hulppioniers.’ Maar ná ’n rukkie het hulle tot die slot som gekom dat hulle hulleself flous. “Pleks daarvan om die gemeente te ondersteun, het ons die meeste van ons tyd gebruik om ons boot reg te maak”, sê Dustin. “Ons het geweet

Dustin en Jassa



dat ons 'n verandering sou moes aanbring as ons Jehovah eerste in ons lewe wou stel.”

Jassa voeg by: “Voordat ek getroud was, het ek in Mexiko gewoon, waar ek in 'n Engelse gemeente was. Ek het dit geniet om daar te dien, en ek wou graag teruggaan.” Om hulle begeerte te versterk om in 'n ander land te gaan dien, het Dustin en Jassa tydens gesinsaanbidding lewensverhale begin lees oor broers en susters wat gaan dien het in lande waar die oes ryp was (Joh. 4:35). “Ons wou dieselfde vreugde ondervind”, sê Dustin. Toe Dustin en Jassa by vriende in Mexiko gehoor het dat 'n nuutgestigte groep hulp nodig het, het hulle finaal besluit. Hulle het uit hulle werk bedank, hulle seilboot verkoop en na Mexiko getrek.

“DIE BESTE DING WAT NOG OOI MET ONS GEBEUR HET”

Dustin en Jassa het gaan woon in die dorp Tecmán—nog steeds naby die Stille Oseaan, maar sowat 4 300 kilometer suid van Astoria. “In plaas van 'n koel briesie en 'n uitsig op die berge, is daar skroeiende hitte en suurlemoenbome so ver as die oog kan sien”, sê Dustin. Aanvanklik kon hulle nie werk vind nie. Omdat hulle baie min geld gehad het, het hulle twee keer 'n dag, week ná week, rys en

boontjies geëet. “Maar net toe ons dieet ondraaglik geword het”, sê Jassa, “het ons Bybelstudente vir ons mango's, piesangs, papajas en, natuurlik, sakke vol suurlemoene begin gee!” Ná verloop van tyd het die egpaar werk gevind by 'n aanlyn taalskool waarvan die hoofkantoor in Taiwan is. Hulle verdien nou oorgenoeg geld om in hulle daaglikse behoeftes te voorsien.

Hoe voel Dustin en Jassa oor hulle nuwe lewenstyl? “Om te trek, is die beste ding wat nog ooit met ons gebeur het”, sê hulle. “Ons verhouding met Jehovah en met mekaar is sterker as wat ons ons ooit kon voorstel. Elke dag doen ons soveel dinge saam—ons doen velddiens, bespreek hoe om Bybelstudente te help en berei vir vergaderinge voor. En ons is ook vry van die soort druk wat ons in die verlede ondervind het.” Hulle voeg by: “Ons besef nou die waarheid van die belofte in Psalm 34:8: ‘Smaak en sien dat Jehovah goed is’—iets wat ons voorheen nie ten volle verstaan het nie.”

DUISENDE GEWILLIGE WERKERS —WAT MOTIVEER HULLE?

Meer as 2 900 broers en susters—getroud en onge-troud, baie van hulle in hulle 20's en 30's—het getrek na gebiede in Mexiko waar Koninkryksverkon-



- (1) Amelia en Levi, (2) Racquel en Phillip,
(3) Essly, (4) Leticia en Hermilo,
(5) Verónica, (6) Adam en Jennifer



digers nog steeds dringend nodig is. Waarom het al hierdie Getuies hierdie uitdaging aanvaar? Toe 'n groep van hulle hierdie vraag gevra is, het hulle drie hoofredes gemeld. Wat was die redes?

Om te toon dat jy Jehovah en jou medemens liefhet. **Leticia** is op 18-jarige ouderdom gedoop. Sy sê: “Toe ek my aan Jehovah toegewy het, het ek verstaan dat dit beteken dat ek hom met my hele hart en siel moet dien. Om my innige liefde vir Jehovah te toon, wou ek meer van my tyd en energie in sy diens gebruik” (Mark. 12:30). **Hermilo**, wat nou met Leticia getroud is, was in sy vroeë 20's toe hy getrek het na waar daar nog Koninkryksverkondigers nodig was. Hy sê: “Ek het besef dat die beste manier om liefde vir my naaste te toon, is om mense te help om in hulle geestelike behoeftes te voorsien” (Mark. 12:31). Daarom het hy die welvarende stad Monterrey verlaat, waar hy in 'n bank gewerk het en 'n gerieflike lewenswyse gehad het, en na 'n klein dorp getrek.

Om ware en blywende vreugde te ervaar. Kort ná haar doop het Leticia 'n maand lank saam met 'n ervare pioniersuster in 'n afgeleë dorp gaan preek. Leticia vertel: “Ek was verbaas. Dit het my soveel vreugde verskaf om te sien hoe gunstig mense op die Koninkryksboodskap reageer. Teen die einde

van daardie maand het ek gedink: ‘Dit is wat ek met my lewe wil doen!’” **Essly**, 'n ongetroude suster wat nou in haar vroeë 20's is, is ook deur die vreugde wat sy gesien het, na hierdie soort diens aangetrek. Terwyl sy nog op hoërskool was, het sy 'n hele paar ywerige Getuies ontmoet wat gedien het waar daar hulp nodig was. Sy sê: “Die vreugde wat ek op daardie broers en susters se gesigte gesien het, het by my die begeerte gewek om dieselfde lewensweg te volg.” Baie susters voel soos Essly. Trouens, in Meksiko is daar meer as 680 ongetroude susters wat dien waar daar hulp nodig is. Wat 'n uitstekende voorbeeld stel hulle tog vir jonk sowel as oud!

Om 'n sinvolle en bevredigende lewe te lei. Ná hoërskool is Essly 'n beurs aangebied om op universiteit te gaan studeer. Haar portuurs het haar aangespoor om dit te aanvaar en om 'n “normale lewe” te lei—om 'n graad te kry, 'n loopbaan en 'n motor te hê en om tyd te neem om te reis. Maar sy het nie hulle raad gevolg nie. Essly sê: “Baie van my Christenvriende het hierdie dinge nagejaag, en ek het opgelet dat geestelike doelwitte nie meer vir hulle 'n prioriteit was nie. Ek het ook gesien dat die probleme waarmee hulle te kampe gehad het, hulle al hoe meer gefrustreer het namate hulle dieper by hierdie wêreld betrokke geraak het. Ek wou my jeug gebruik om Jehovah ten volle te dien.”

Essly het ekstra skoolkursusse geneem wat haar gehelp het om werk te vind sodat sy haar in die pionierdiens kon onderhou, en toe het sy na 'n gebied getrek waar Koninkryksverkundigers dringend nodig is. Sy het selfs die uitdaging aanvaar om die inheemse tale te leer wat deur die Otomi- en Tlapaneco-volk gepraat word. Wanneer sy nou terugkyk op die drie jaar wat sy in afgeleë gebiede gepreek het, sê sy: “Om te dien waar daar hulp nodig is, het my lewe bevredigend en waarlik sinvol gemaak. Bowenal het dit my verhouding met Jehovah versterk.” **Phillip** en **Racquel**, 'n egpaar van die Verenigde State in hulle vroeë 30's, stem saam. “Aangesien die wêreld so vinnig verander, voel baie mense dat daar geen stabiliteit in hulle lewe is nie. Maar om te dien waar ons nog steeds so baie mense vind wat na die Bybel se boodskap luister, gee ons waarlik 'n gevoel van voldoening. Dit is baie bevredigend!”

UITDAGINGS—HOE OM DIT DIE HOOF TE BIED

Diegene wat dien waar daar Koninkryksverkundigers nodig is, moet natuurlik uitdagings die hoof bied. Een uitdaging is om jou finansiëel te onderhou. Jy moet bereid wees om by plaaslike omstandighede aan te pas. **Verónica**, 'n ervare pionier, verduidelik: “Op een plek waar ek gedien het, het ek goedkoop kitskos voorberei en verkoop. Op 'n ander plek het ek klere verkoop en hare gesny. En op die oomblik maak ek 'n huis skoon en bied ek 'n klas vir nuwe ouers aan, wat hulle help om met hulle kinders te kommunikeer.”

Dit kan 'n groot uitdaging wees om by 'n ander kultuur en ander gebruike aan te pas wanneer jy onder 'n inheemse volk in 'n afgesonderde gebied woon. Dit was die geval met Phillip en Racquel toe hulle in die Nahuatl-veld gedien het. “Die kultuurverskille was baie groot”, sê Phillip. Wat het hulle gehelp om aan te pas? “Ons het gekonsentreer op die positiewe dinge wat ons onder die Nahuatl-mense gesien het—die hegtheid van hulle gesinne, die opregtheid wat hulle toon in hulle handelinge met mekaar sowel as hulle vrygewigheid.” Racquel voeg by: “Om daar te woon en om skouer aan skouer met ons broers en susters in daardie inheemse gemeenskap te dien, het ons baie geleer.”

HOE OM JOU VOOR TE BEREI

Wat kan jy nou doen om jou voor te berei as jy graag wil gaan dien in 'n afgesonderde gebied waar daar hulp nodig is? Broers en susters wat ondervinding het in hierdie soort diens, sê dat jy voordat jy trek, jou lewenswyse moet begin vereenvoudig en moet leer om vergenoeg te wees (Fil. 4:11, 12). Wat kan jy nog doen? Leticia vertel: “Ek het sekulêre werk vermy wat vereis het dat ek lank op een plek bly. Ek wou te eniger tyd kon trek na waar daar ook al hulp nodig is.” Hermilo sê: “Ek het geleer om te kook, wasgoed te was en te stryk.” Verónica vertel: “Terwyl ek met my ouers en broers en susters by die huis gewoon het, het ek gehelp om skoon te maak en geleer om goedkoop maar voedsame maaltye voor te berei. Ek het ook geleer om te spaar.”

Levi en **Amelia** van die Verenigde State is agt jaar lank getroud en vertel hoe spesifieke gebede hulle gehelp het om hulle voor te berei om in Mexiko te gaan dien. Levi sê: “Ons het uitgewerk hoeveel geld ons nodig sou hê om 'n jaar lank in 'n ander land te gaan dien, en ons het Jehovah toe in gebed gevra om ons te help om daardie presiese bedrag te verdien.” Binne maande kon hulle die bedrag opspaar wat hulle in hulle gebed gemeld het, en hulle het onmiddellik getrek. Levi sê: “Jehovah het ons spesifieke gebed verhoor, en nou was dit ons beurt om ons kant te bring.” Amelia voeg by: “Ons het gedink dat ons net een jaar sou kon bly, maar ons is nou al sewe jaar lank hier, en ons oorweeg dit nie eers om terug te gaan nie! Om hier te woon, laat ons toe om Jehovah se hulp eerstehands te ondervind. Ons sien elke dag bewyse van sy goedheid.”

Vir **Adam** en **Jennifer**, 'n egpaar van die Verenigde State wat in die Engelse veld in Mexiko dien, het gebed ook 'n noodsaaklike rol gespeel. Hulle raai aan: “Moenie vir die volmaakte omstandighede wag nie. Maak jou begeerte om in 'n ander land te dien 'n saak van gebed en tree dan in ooreenstemming met jou gebede op. Vereenvoudig jou lewe, skryf aan die takkantoor in die land waar jy graag wil dien, bereken die koste en trek dan!”* As jy dit doen, wag daar 'n opwindende lewe op jou, en jy sal baie geestelike seëninge geniet.

* Vir meer inligting, sien die artikel “Kan jy 'oorkom na Masedonië?” in *Ons Koninkryksbediening* vir Augustus 2011.



“Ek skep werklik behae in die wet van God.”

—ROM. 7:22.

LET OP DIE VOLGENDE PUNTE

Hoe sal jy daarby baat vind om “op gedempte toon” te lees?

Hoe kan jy 'n reserwe tekste opbou wat jy kan gebruik om ander te help?

Hoe beskerm dit jou as jy die Bybel noukeurig lees?

VIND TEN VOLLE BY BYBELLEES BAAT

“EK DANK Jehovah elke oggend dat hy my help om die Bybel te verstaan.” Die bejaarde Christensuster wat hierdie woorde gesê het, het die Bybel al meer as 40 keer deurgelees, en sy hou nog aan. 'n Jonger suster het geskryf dat Bybellees haar gehelp het om te sien dat Jehovah werklik bestaan. Gevolglik het sy nader aan haar hemelse Vader gekom. Sy het gesê: “Ek was nog nooit in my lewe so gelukkig nie!”

² Die apostel Petrus het almal aangespoor om “'n verlange [te ontwikkel] na die onvervalste melk wat tot die woord behoort” (1 Pet. 2:2). Diegene wat hierdie verlange bevredig deur die Bybel te bestudeer en wat Bybelleringe toepas, het 'n skoon gewete en geniet 'n sinvolle lewe. Hulle ontwikkel blywende vriendskappe met ander wat ook die ware God liefhet en dien. Dit alles is geldige redes om “behae [te skep] in die wet van God” (Rom. 7:22). Maar daar is selfs nog voordele. Wat is 'n paar daarvan?

³ Hoe meer jy oor Jehovah en sy Seun leer, hoe meer sal jou liefde vir hulle en vir jou medemens groei. Juis-te kennis van die Skrif help jou om te sien hoe God binnekort gehoorsame mense uit hierdie sterwende stelsel sal red. Jy het 'n positiewe boodskap van goeie nuus om in die bediening aan mense mee te deel. Jehovah sal jou seën wanneer jy ander die dinge leer wat jy geleer het terwyl jy God se Woord gelees het.

LEES EN DINK NA

⁴ Jehovah wil nie hê dat sy knegte haastig deur sy Woord moet lees nie. Hy het vir Josua van die ou tyd gesê: “Hierdie wetboek mag nie uit jou *mond* wyk nie, en jy moet dag en nag op *gedempte toon* daarin lees” (Jos. 1:8; Ps. 1:2). Beteken hierdie opdrag dat jy letterlik

1-3. Hoe vind ons daarby baat as ons die Bybel lees en die leringe daarin toepas?

4. Wat beteken dit om die Bybel “op gedempte toon” te lees?

al die woorde wat jy van Genesis tot Openbaring lees, saggies moet uitspreek? Nee. Dit beteken dat jy moet lees teen 'n pas wat jou toelaat om daarvoor na te dink. Wanneer jy die Bybel "op gedempte toon" lees, sal dit jou help om te konsentreer op gedeeltes wat veral op daardie tydstep vir jou nuttig en aanmoedigend is. Wanneer jy sulke frases, verse of verslae teëkom, moet jy dit stadig lees en dalk die woorde met die tong en lippe vorm. Die volle betekenis van 'n skriftuurlike punt sal jou moontlik diep tref. Waarom is dit belangrik? Want as jy die sin van God se raad begryp, sal dit vir jou 'n groot aansporing wees om dit toe te pas.

⁵ Dit is nuttig om op gedempte toon te lees wanneer jy Bybelboeke lees waarmee jy nie bekend is nie. Om toe te lig, stel jou drie scenario's voor. Dink eerstens aan 'n jong Christenbroer wat die profesie van Hosea as deel van sy persoonlike Bybelleesprogram lees. Hy stop nadat hy vers 11 tot 13 van hoofstuk 4 op gedempte toon gelees het. (**Lees Hosea 4:11-13.**) Waarom? Hierdie verse trek sy aandag omdat hy die afgelope tyd sukkel om die druk op skool om hom aan onsedelikheid skuldig te maak, te weerstaan. Hy peins oor die verse en dink: 'Jehovah sien die slegte dinge wat mense doen, selfs al doen hulle dit agter geslote deure. Ek wil hom nie mishaag nie.' Die broer neem hom voor om sedelik rein te bly voor God.

⁶ In 'n tweede scenario lees 'n Christensuster Joël se profesie en stop sy by vers 13 van hoofstuk 2. (**Lees Joël 2:13.**) Terwyl sy hierdie vers op gedempte toon lees, dink sy na oor hoe sy Jehovah moet navolg, wat 'genadig en barmhartig is, nie gou toornig word nie en oorvloedig is in liefderyke goedhartigheid'. Sy besluit dat

5-7. As jy God se Woord op gedempte toon lees, hoe kan dit jou help om (a) sedelik rein te bly; (b) ander liefdevol en met geduld te behandel; (c) vertrou in Jehovah op te bou selfs in moeilike tye? Lig toe.

sy 'n poging sal aanwend om die sarkasme en kwaai woorde wat sy soms gebruik wanneer sy met haar man en ander praat, te laat staan.

⁷ Dertens kan jy jou 'n Christenvader voorstel wat sy werk verloor het en hom bekommer oor die welsyn van sy vrou en kinders. In Nahum 1:7 lees hy op gedempte toon dat Jehovah "dié [ken] wat by hom toevlug soek" en hulle soos "'n vesting in die dag van benoudheid" beskerm. Hierdie gedagte vertroos hom. Hy kan Jehovah se liefdevolle sorg aanvoel en hou op om hom uitermate te bekommer. Dan lees hy vers 15 op gedempte toon. (**Lees Nahum 1:15.**) Ons broer besef dat sy verkondiging van die goeie nuus in moeilike tye bewys lewer dat hy Jehovah wel as sy vesting beskou. Terwyl die broer voortgaan om werk te soek, wil hy nou ook die velddiensreëlings gedurende die week ondersteun.

⁸ Die nuttige punte wat so pas gemeld is, kom uit Bybelboeke wat party dalk as moeilik beskou. Wanneer jy die boeke Hosea, Joël en Nahum ondersoek met 'n begeerte om te leer, sal jy ander verse daarin op gedempte toon wil lees. Dink net hoeveel wysheid en vertroosting jy uit die geskifte van hierdie profete sal put! En wat van die res van die Bybel? God se Woord is soos 'n produktiewe diamantmyn. Delf diep daarin! Ja, lees die hele Bybel met die doel om skatte van goddelike leiding en aanmoediging te vind.

STREEF BEGRIP NA

⁹ Hoewel dit belangrik is dat jy die Bybel elke dag lees, wil jy ook begrip en insig verkry. Daarom moet jy goeie gebruik maak van die publikasies van Jehovah se organisasie om navorsing te doen

8. Vertel kortliks van 'n geestelike skat wat jy tydens jou Bybellees gevind het.

9. Hoe kan ons ons begrip van God se wil verbeter?

STROOK WAT JY ANDER LEER, MET ONS NUUTSTE BEGRIP?

Ons wil op hoogte bly met die nuutste begrip van Bybelwaarheid sodat ons juiste kennis aan ander kan oordra. Hoe sal jy dus die volgende vrae beantwoord?

- Aan wie het Jesus gedink toe hy gepraat het van “hierdie geslag” wat in Matteus 24:34 gemeld word? —**Die Wagtoring**, 15 April 2010, bladsye 10-11.
- Wanneer sal die skeiding van “die skape [en] die bokke” wat in Matteus 25:32 beskryf word, plaasvind? —**Die Wagtoring**, 15 Oktober 1995, bladsye 21-23.
- Wanneer sal “mense flou word van vrees en verwagting aangaande die dinge wat oor die bewoonde aarde kom”, soos Lukas 21:26 sê?—**Die Wagtoring**, 15 Februarie 1994, bladsye 19-20.

Daaglikse Bybellees tesame met noukeurige persoonlike studie sal ons in staat stel om ander te help om te wandel in die steeds toenemende lig wat Jehovah op sy geskrewe Woord werp.—Spr. 4:18.

Apollos is gehelp om sy bediening op doeltreffender wyse uit te voer



oor die agtergrond van die mense, plekke en gebeurtenisse waaroor jy lees. Of as jy wonder watter invloed ’n sekere Bybellering dalk op jou lewe moet hê, kan jy ’n gemeentelike ouer man of ’n ander ryp Christen om hulp vra. Om die belangrikheid daarvan toe te lig om ons begrip te verbeter, kan ons kyk na die voorbeeld van ’n eerste-eeuse Christen wat juis dit probeer doen het. Sy naam was Apollos.

¹⁰ Apollos was ’n Joodse Christen wat “goed vertrouwd [was] met die Skrif” en “gegloei het van die gees”. Die boek Handeling sê van hom: “Hy [het] die dinge omtrent Jesus met juistheid gespreek en geleer, hoewel hy net met die doop van Johannes bekend was.” Hoewel Apollos dit nie besef het nie, was die lering wat hy

10, 11. (a) Hoe is Apollos gehelp om as ’n bedienaar van die goeie nuus te verbeter? (b) Wat kan ons uit die verslag oor Apollos leer? (Sien die venster “Strook wat jy ander leer, met ons nuutste begrip?”)

ander oor die doop geleer het, verouderd. Toe ’n Christenegaar genaamd Priscilla en Aquila gehoor het hoe hy in Efese onderrig, het hulle “die weg van God met groter juistheid” aan hom verduidelik (Hand. 18:24-26). Hoe het Apollos hierby baat gevind?

¹¹ Nadat Apollos in Efese gepreek het, het hy na Agaje gegaan. “Toe hy daar kom, het hy dié wat vanweë God se onverdiende goedhartigheid gelowig geword het, grootliks gehelp; want hy het die Jode in die openbaar kragtig en deeglik verkeerd bewys, terwyl hy aan die hand van die Skrif getoon het dat Jesus die Christus is” (Hand. 18:27, 28). Teen daardie tyd kon Apollos die betekenis van die Christelike doop akkuraat verduidelik. Met hierdie beter begrip het hy nuwes “grootliks gehelp” om in ware aanbidding vordering te maak. Wat kan ons uit hierdie verslag leer? Soos Apollos, probeer ons verstaan

wat ons in die Bybel lees. Maar wanneer 'n ervare medegelowige 'n voorstel maak oor hoe ons 'n doeltreffender onderrigter kan wees, moet ons hierdie hulp met nederigheid en dankbaarheid aanvaar. As ons dit doen, sal die gehalte van ons heilige diens verbeter.

GEBRUIK WAT JY LEER OM ANDER TE HELP

¹² Soos Priscilla, Aquila en Apollos kan ons vir ander 'n seën wees. Hoe voel jy wanneer jou aanmoediging 'n belangstellende help om 'n struikelblok te oorkom wat sy of haar geestelike vordering belemmer het? Of hoe voel jy, as 'n ouer man, wanneer 'n medegelowige jou bedank vir skriftuurlike raad wat hom of haar gedurende 'n moeilike tyd gehelp het? Dit is beslis 'n bron van bevrediging en vreugde wanneer ons God se Woord gebruik om ander te help om hulle lewe te verbeter.* Let op hoe jy hierdie doelwit kan bereik.

¹³ Wat ware en valse aanbidding betref, het baie Israeliete in Elia se dag op die draad gesit. Elia se raad aan hierdie persone kan 'n besluitelose Bybelstudent help wat huiwer om geestelike vordering te maak. (*Lees 1 Konings 18:21.*) Dink aan nog 'n situasie: As 'n belangstellende die reaksie van familie of vriende vrees, kan jy hom of haar help om meer vasbeslote te wees om Jehovah te aanbid deur te redeneer oor **Jesaja 51:12, 13.**—*Lees.*

¹⁴ Dit is duidelik dat die Bybel baie woorde bevat wat die lesers daarvan kan aanmoedig, reghelp of versterk. Maar jy

* Ons gebruik Bybelraad natuurlik nie om druk op ander te plaas of hulle te veroordeel nie. Ons moet net so geduldig en liefdevol teenoor 'n Bybelstudent wees soos Jehovah teenoor ons is.—Ps. 103:8.

12, 13. Lig toe hoe die taktvolle gebruik van die Skrif Bybelstudente kan help om vordering te maak.

14. Wat sal jou help om Bybeltekste te onthou wanneer jy dit nodig het om ander te help?

vra moontlik: 'Hoe kan ek tekste onthou wanneer ek dit nodig het?' Lees die Bybel en peins *daaglik* oor God se gedagtes. So kan jy 'n reserwe tekste opbou wat Jehovah se gees jou kan help om te onthou wanneer jy dit nodig het.—Mark. 13:11; *lees Johannes 14:26.**

¹⁵ Soos koning Salomo, moet jy tot Jehovah bid vir die wysheid wat jy nodig het om jou teokratiese verantwoordelikhede na te kom (2 Kron. 1:7-10). Volg die profete van ouds na deur 'ywerige navorsing en 'n sorgvuldige ondersoek te doen' van God se Woord sodat jy juiste kennis van Jehovah en sy wil kan verkry (1 Pet. 1:10-12). Die apostel Paulus het Timoteus aangespoor om homself "met die woorde van die geloof en van die goeie leer" te voed (1 Tim. 4:6). As jy dit doen, sal jy in 'n uitstekende posisie wees om ander geestelik te help. En jy sal terselfdertyd jou eie geloof opbou.

ONFEILBARE BESKERMING GEGROND OP GOD SE WOORD

¹⁶ Die Jode in die Masedoniese stad Berea het die gewoonte gehad om "die Skrif elke dag sorgvuldig [te] ondersoek". Toe Paulus die goeie nuus aan daardie Jode verkondig het, het hulle sy woorde met hulle kennis van die Skrif vergelyk. Die gevolg? Baie was oortuig dat hy die waarheid geleer het, en hulle het "gelowiges geword" (Hand. 17:10-12). Dit toon dat daaglikse Bybellees ons kan help om

* Gestel jy onthou die sleutelwoorde van 'n Bybelgedeelte, maar nie die boek, hoofstuk en vers nie. As jy hierdie woorde in die indeks agterin die Bybel, in die *Watchtower Library* of in die konkordansie van die *Nuwe Wêreld-vertaling* opsoek, sal jy heel moontlik die teks vind.

15. Wat sal jou help om God se Woord beter te verstaan?

16. (a) Hoe het die Bereane daarby baat gevind om "die Skrif elke dag sorgvuldig [te] ondersoek"? (b) Waarom is daaglikse Bybellees vandag vir ons so belangrik?

sterk geloof in Jehovah op te bou. Sulke geloof, “die gewaarborgde verwagting van dinge waarop gehoop word”, is noodsaaklik as ons tot in God se nuwe wêreld behoue wil bly.—Heb. 11:1.

¹⁷ Paulus het met goeie rede geskryf: “Wat ons betref wat tot die dag behoort, laat ons nugter van verstand bly en die borsplaat van geloof en liefde aanhê en as ’n helm die hoop op redding” (1 Tess. 5:8). ’n Soldaat se hart moet teen die vyand beskerm word. Net so moet ’n Christen se figuurlike hart teen die krag van die sonde beskerm word. Wat gebeur wanneer ’n kneg van Jehovah sterk geloof in God se beloftes tesame met ’n liefde vir Hom en vir sy medemens openbaar? So ’n kneg trek ’n geestelike borsplaat van die hoogste gehalte aan. Dit is onwaarskynlik dat hy enigiets sal doen om God se guns te verloor.

¹⁸ Paulus het ook van ’n helm gepraat, “die hoop op redding”. As ’n soldaat in Bybeltye nie sy kop beskerm het nie, kon hy maklik sy lewe in die stryd verloor. Maar met ’n sterk helm kon hy hou teen die kop oorleef sonder dat hy ernstig beseer word. Ons versterk ons hoop dat Jehovah ons sal red wanneer ons sy Woord bestudeer. Sterk hoop stel ons in staat om afvaltiges en hulle kankeragtige “leë praatjies” te weerstaan (2 Tim. 2:16-19). Ons hoop sal ons ook die krag gee om nee te sê wanneer iemand ons wil oorhaal om ons skuldig te maak aan gedrag wat deur Jehovah veroordeel word.

’N SLEUTEL TOT OORLEWING

¹⁹ Hoe nader ons aan die einde kom, hoe meer moet ons op Jehovah se Woord

17, 18. (a) Hoe beskerm sterk geloof en liefde ’n Christen se figuurlike hart? (b) Hoe beskerm hoop ons teen gevaar?

19, 20. Waarom stel ons God se Woord hoog op prys, en hoe toon ons ons waardering daarvoor? (Sien die venster “Jehovah voorsien presies wat ek nodig het”.)

‘JEHOVAH VOORSIEN PRESIES WAT EK NODIG HET’

’n Jong Christensuster het geskryf: “Van al die liefdevolle herinneringe wat Jehovah ons gee, het dié wat ons aanspoor om die Bybel daagliks te lees, die grootste invloed op my lewe gehad. Ek het die Bybel in die laaste jaar van my hoërskoolopleiding begin lees, en dit het my omtrent twee jaar geneem om dit deur te lees. Gedurende hierdie tyd het ek alles in Jehovah se Woord gevind wat ek nodig gehad het om te besluit wat ek met my lewe moet doen. Ek lees nou die tweede keer deur die Bybel. Maar dit voel asof ek dinge lees wat ek nog nooit tevore gesien het nie. Om die Bybel nou te lees, is net so opwindend soos die eerste keer—selfs opwindender! Jehovah se vermoë om te voorsien presies wat ek nodig het, verstom my.”

staatmaak. Die raad wat ons daarin vind, help ons om slegte gewoontes af te skaf en ons sondige neigings te beheers. Die aanmoediging en vertroosting wat ons daaruit put, sal ons help om die toetse te deurstaan wat Satan en sy wêreld oor ons bring. Met die leiding wat Jehovah in sy Woord voorsien, sal ons op die weg van die lewe bly.

²⁰ Onthou dat dit God se wil is dat “alle soorte mense gered moet word”. “Alle soorte mense” sluit Jehovah se knegte in, asook diegene wat ons deur middel van ons predikings- en onderrigtingswerk help. Maar almal wat gered wil word, moet “juiste kennis van die waarheid” opdoen (1 Tim. 2:4). Om die laaste dae te oorleef, moet ons die Bybel lees en die geïnspireerde instruksies daarin volg. Ja, ons daaglikse Bybellees toon dat ons Jehovah se kosbare Woord van waarheid hoog op prys stel.—Joh. 17:17.



HELP JOUSELF EN ANDER DEUR GOD SE WOORD TE GEBRUIK

*“Ek [het] al die bevele
aangaande alle dinge
as reg beskou.”*

—PS. 119:128.

HOE SAL JY ANTWOORD?

Hoe kan jy die Skrif doeltreffend gebruik wanneer jy ander leer?

Wat het Paulus bedoel toe hy gesê het dat die Skrif nuttig is “om dinge reg te stel”?

Wat beteken dit vir ouer manne en ouers “om in regverdigheid te dissiplineer”?

WANNEER die ouer manne dit oorweeg of ’n Bybelstudent kwalifiseer om aan die veldbediening deel te neem of nie, vra hulle hulle af: ‘Toon die persoon deur wat hy sê dat hy glo dat die Bybel die geïnspireerde Woord van God is?’* Vir iemand wat graag ’n Koinkryksverkondiger wil word—trouens, vir al God se knegte—moet die antwoord ’n besliste ja wees. Waarom? Ons vertrou in God se Woord en ons vermoë om dit in die bediening te gebruik, sal ons in staat stel om ander te help om Jehovah te leer ken en redding te verkry.

² Die apostel Paulus het die belangrikheid van God se Woord beklemtoon toe hy aan Timoteus geskryf het: “Bly . . . in die dinge wat jy geleer het en oortuig is om te glo.” “Die dinge” wat Paulus gemeld het, is Bybelwaarhede wat Timoteus beweeg het om geloof in die goeie nuus te stel. Hierdie waarhede het vandag dieselfde uitwerking op ons gehad, en dit help ons steeds om “wys [te wees] tot redding” (2 Tim. 3:14, 15). Ons gebruik dikwels Paulus se volgende woorde om aan ander te toon dat die Bybel van God af kom, maar ons kan ook self baat vind by die woorde in **2 Timoteus 3:16**. (*Lees.*) Kom ons ondersoek hierdie vers van naderby. As ons dit doen, sal dit ons vertrou opbou dat al Jehovah se leringe “reg” is.—Ps. 119:128.

“NUTTIG OM TE ONDERRIG”

³ Jesus het vir die nasie Israel gesê: “Ek stuur profete en wyse manne en openbare onderrigters na julle

* Sien *Georganiseer om Jehovah se wil te doen*, bladsy 80.

1. Waarom moet ons volle vertrou in God se Woord hê?

2. Waarom moet ons ‘bly in die dinge wat ons geleer het’?

3-5. (a) Hoe het ’n skare gereageer op die toespraak wat Petrus op Pinkster gehou het, en waarom? (b) Waarom het baie in Tessalonika die waarheid aanvaar? (c) Wat omtrent ons bediening beïndruk mense moontlik vandag?

toe” (Matt. 23:34). Jesus het van sy dissipels gepraat, vir wie hy geleer het om die Skrif in hulle bediening te gebruik. Op Pinkster 33 HJ het een van hierdie “openbare onderrigters”, die apostel Petrus, ’n toespraak gelewer voor ’n groot skare in Jerusalem waarin hy dikwels uit die Hebreuse Geskrifte aangehaal het. Toe hulle Petrus se toepassing van hierdie woorde gehoor het, is baie toehoorders “diep in die hart getref”. Hulle het berou getoon oor hulle sondes van die verlede. Ongeveer drieduisend wou God se vergifnis verkry en het Christene geword.—Hand. 2: 37-41.

⁴ Nog ’n openbare onderrigter, die apostel Paulus, het die goeie nuus in gebiede ver van Jerusalem af verkondig. In die Masedoniese stad Tessalonika het hy byvoorbeeld gepraat met mense wat in ’n sinagoge aanbid het. Paulus het drie Sabbate lank “uit die Skrif met hulle geredeneer en verduidelik en deur verwysings bewys dat die Christus moes ly en uit die dode moes opstaan”. Wat was die gevolg? “Party van [die Jode het] gelowiges geword”, en so ook “’n groot menigte van die Grieke”.—Hand. 17:1-4.

⁵ Baie mense is beïndruk deur die manier waarop God se knegte van vandag die Bybel gebruik. Nadat ’n huisbewoner in Switserland geluister het toe een van ons susters ’n teks lees, het hy haar gevra: “Wie verteenwoordig julle?” Sy het geantwoord: “Ons is Jehovah se Getuies.” Hy het gesê: “Ek moes geweet het. Wie anders buiten Jehovah se Getuies sou na my huis toe kom om die Bybel vir my te kom lees?”

⁶ Hoe kan ons die Bybel in voller mate in ons onderrigting gebruik? As jy die voorreg het om die gemeente van die verhoog af te onderrig, moet jy spesifieke

teksverwysings gebruik. Moenie sleuteltekste aanhaal of van ’n drukstuk of elektroniese toestel aflees nie, maar *sla die Bybel oop en lees daaruit*, en spoor die gehoor aan om dit ook te doen. Neem ook tyd om die verse *toe te pas* op ’n wyse wat die gehoor sal help om nader aan Jehovah te kom. Pleks van ingewikkelde illustrasies en ondervindinge te gebruik wat bloot as vermaak dien, moet jy die tyd gebruik om God se Woord te verduidelik.

⁷ Wat moet ons in gedagte hou wanneer ons tuisbybelstudies hou? Wanneer ons ons Christelike publikasies gebruik, moet ons versigtig wees dat ons nie die teksverwysings oorslaan nie. Ons moet die student aanmoedig om die teksverwysings te lees en hom help om dit te verstaan. Hoe? Nie deur lang verduidelikings te gee wat die studie in ’n reeks toesprake verander nie, maar deur die student aan te spoor om sy mening uit te spreek. Pleks van vir hom te sê wat om te glo of hoe om op te tree, kan ons weldeurdagte vrae vra wat hom sal help om die regte gevolgtrekkings te maak.*

“NUTTIG . . . OM TEREK TE WYS”

⁸ Ons dink dikwels dat ‘teregwysing’ net deur Christen- ouer manne gedoen moet word. En opsieners het wel die verantwoordelikheid om ‘persone wat sonde beoefen, terek te wys’ (1 Tim. 5:20; Tit. 1: 13). Maar dit is ook belangrik dat ons *onsself* moet teregwys. Paulus was ’n voorbeeldige Christen wat ’n skoon gewete gehad het (2 Tim. 1:3). Nogtans het hy geskryf: “Ek sien in my lede ’n ander wet, wat stryd voer teen die wet van my verstand en my wegvoer as gevangene van die wet van die sonde.” As ons die konteks

* Wanneer Jesus ander geleer het, het hy hulle dikwels gevra: “Wat dink julle?” Dan het hy vir ’n antwoord gewag.—Matt. 18:12; 21:28; 22:42.

⁸. Met watter innerlike stryd het Paulus te kampe gehad?

6, 7. (a) Hoe kan diegene wat in die gemeente onderrig, goed gebruik maak van die Bybel? (b) Waarom is dit so belangrik om die Skrif doeltreffend tydens tuisbybelstudies te gebruik?

van hierdie woorde bestudeer, sal ons beter verstaan watter stryd Paulus moes voer om sy sondige natuur te beheers.—*Lees Romeine 7:21-25.*

⁹ Watter swakhede het Paulus probeer oorkom? Hoewel hy nie uitdruklik gesê het wat dit is nie, het hy wel aan Timoteus geskryf dat hy “’n vermete man” was (1 Tim. 1:13). Voor Paulus se bekering was hy rasend van woede teenoor die Christene. Toe hy gesê het hoe hy oor Christus se volgelinge gevoel het, het hy erken: “Ek [was] uitermate woedend teenoor hulle” (Hand. 26:11). Paulus het geleer om sy humeur te beteuel, maar soms het hy waarskynlik gesukkel om sy gevoelens en sy tong te beheers (Hand. 15:36-39). Wat het hom gehelp om dit te doen?

¹⁰ Toe Paulus aan die Christene in Korinte geskryf het, het hy beskryf wat hy gedoen het om homself tereg te wys. (*Lees 1 Korintiërs 9:26, 27.*) Hy het met goedgegigte geestelike houes teen sy onvolmaakte menslike natuur gestry. Hy het waarskynlik raad in die Bybel probeer vind, Jehovah gesmeek om hom te help om dit toe te pas en hom ingespan om te verbeter.* Ons kan by sy voorbeeld baat vind omdat ons ’n soortgelyke stryd teen ons onvolmaakte neigings voer.

¹¹ Ons moet nooit selfvoldaan raak wat ons aanbidding betref nie. Ons moet onself eerder ‘voortdurend toets’ om seker te maak dat ons werklik in die weg van die waarheid wandel (2 Kor. 13:5). Wanneer ons tekste soos Kolossense 3:5-10 lees, kan

* Paulus se brieue moedig ons aan om teen ons sondige neigings te stry (Rom. 6:12; Gal. 5:16-18). Dit is redelik om tot die slotsom te kom dat hy die raad wat hy aan ander gegee het, self toegepas het.—Rom. 2:21.

9, 10. (a) Teen watter swakhede het Paulus moontlik gestry? (b) Hoe het Paulus heel moontlik sy stryd teen die sonde gevoer?

11. Hoe kan ons ons ‘voortdurend toets’ om seker te maak dat ons in die weg van die waarheid wandel?

ons ons afvra: ‘Span ek my in om my sondige neigings dood te maak, of laat ek toe dat my sedelike standaarde verswak? Wat doen ek as ek op ’n onsedelike webwerf afkom terwyl ek die Internet gebruik—maak ek dit onmiddellik toe of soek ek na ongepaste webwerwe?’ As ons die raad in God se Woord op so ’n persoonlike manier toepas, sal dit ons help om “wakker en nugter van verstand [te] bly”.—1 Tess. 5:6-8.

“NUTTIG . . . OM DINGE REG TE STEL”

¹² Die Griekse uitdrukking wat met “om dinge reg te stel” weergegee word, beteken “om tot die regte toestand te herstel”. Soms moet ons dinge met ander regstel omdat hulle ons of ons optrede verkeerd verstaan het. Byvoorbeeld, die Joodse godsdiensteleiers het gekla dat Jesus vriendelik was teenoor “belastinggaarders en sondaars”. Jesus het geantwoord: “Dié wat gesond is, het nie ’n geneesheer nodig nie, maar dié wat siek is, het wel. Gaan dan en leer wat dit beteken: ‘Ek wil barmhartigheid hê en nie offerandes nie’” (Matt. 9:11-13). Hy het God se woorde geduldig en liefdevol aan almal verduidelik. Nederiges het Jehovah dus leer ken as “’n barmhartige en genadige God, wat nie gou toornig word nie en oorvloedig is in liefderyke goedhartigheid en waarheid” (Eks. 34:6). Omdat God se Seun ’n poging aangewend het “om dinge reg te stel”, het baie geloof in die goeie nuus gestel.

¹³ Jesus se voorbeeld leer ons hoe ons ander moet help. Iemand wat ontsteld is, sal dalk kortaf sê: ‘Ek gaan nou iets met jou regstel.’ Maar so ’n benadering is nie wat met die woorde in 2 Timoteus 3:16 bedoel word nie. “Die hele Skrif” gee ons nie toestemming om iemand oor die kole te haal nie. Soos “swaardsteke”, ver-

12, 13. (a) Wat moet ons doel wees wanneer ons ‘dinge wil regstel’, en hoe kan ons Jesus se voorbeeld in hierdie verband volg? (b) Watter soort spraak is onaanvaarbaar wanneer ons ‘dinge regstel’ met ander?



As ouers die Bybel op liefdevolle wyse gebruik “om dinge reg te stel” met hulle kinders, help hulle hulle om baie hartseer te vermy (Sien paragraaf 15)

oorsaak skerp kritiek dikwels baie pyn en bring dit selde enige voordele mee.—Spr. 12:18.

¹⁴ Hoe kan ons dinge dan op geduldige en liefdevolle wyse ‘regstel’? Gestel ’n egpaar vra ’n Christen-ouer man om hulle te help omdat hulle dikwels stry. Wat sal die ouer man moontlik doen? Sonder om kant te kies, kan hy met die egpaar oor Bybelbeginsels redeneer. Hy kan dalk die beginsels gebruik wat in hoofstuk 3 in die boek *Die geheim van gesinsgeluk* gevind word. Gedurende die bespreking kan die man en vrou onderskei watter raad elkeen in voller mate moet toepas. Later sal die ouer man die egpaar vra hoe hulle vaar en verdere hulp aanbied, indien nodig.

¹⁵ Hoe kan ouers ‘dinge regstel’ op ’n

14-16. (a) Hoe kan ouer manne ‘dinge regstel’ op ’n manier wat ander help om hulle probleme op te los? (b) Waarom is dit so belangrik “om dinge reg te stel” op ’n skriftuurlike manier wanneer dit kom by die grootmaak van kinders?

manier wat hulle kinders geestelik opbou? Stel jou voor dat jy jou tienerdogter wil help om ’n vriendskap te vermy waaroor jy bedenkinge het. Eerstens moet jy uitvind wat die feite is. Dan, as daar rede tot kommer is, kan jy met haar praat en miskien punte uit *Vrae wat jongmense vra –Antwoorde wat werk*, Deel 2 gebruik. In die daaropvolgende dae kan jy meer tyd met haar deurbring. Jy kan ook op haar goedstemming let wanneer sy in die veldbediening uitgaan of saam met die gesin ontspan. As jy geduldig en liefdevol is, sal jou dogter aanvoel dat jy in haar belangstel. Sy sal waarskynlik beweeg word om jou raad toe te pas en sodoende ’n rampspoedige wending in haar lewe vermy.

¹⁶ Net so kan ons op geduldige en liefdevolle wyse diegene aanmoedig wat bekommerd is oor hulle gesondheid, teneergedruk is omdat hulle hulle werk verloor het of verward is oor sekere Bybelleringe. Jehovah se volk geniet groot

voordele omdat hulle God se Woord gebruik “om dinge reg te stel”.

“NUTTIG . . . OM IN REGVERDIGHEID TE DISSIPLINEER”

¹⁷ “Geen dissipline lyk weliswaar op die oomblik vreugdevol nie, maar bedroewend.” En tog “lewer dit later vir dié wat daardeur geoefen is vreedsame vrug op, naamlik regverdigheid” (Heb. 12:11). Die meeste Christene sal saamstem dat die dissipline wat hulle van hulle gelowige ouers ontvang het, hulle gehelp het. En om dissipline van Jehovah te aanvaar, wat deur middel van Christen- ouer manne gegee word, hou ons op die weg van die lewe. —Spr. 4:13.

¹⁸ Om dissipline op doeltreffende wyse te gee, is ’n kuns. Jehovah het vir Christene gesê om dit “in regverdigheid” toe te dien (2 Tim. 3:16). Ons moet ons dus deur Bybelbeginsels laat rig. ’n Voorbeeld hiervan word gevind in Spreuke 18:13: “Wanneer iemand op ’n saak antwoord voordat hy dit hoor, is dit dwaasheid van sy kant en ’n vernedering.” Wanneer ouer manne dus met ’n persoon moet praat wat van ’n ernstige sonde beskuldig word, moet hulle die saak deeglik ondersoek en uitvind presies wat die feite is (Deut. 13:14). Slegs dan kan hulle “in regverdigheid” dissiplineer.

¹⁹ Wat meer is, God se Woord beveel Christen- ouer manne om ander “met sagmoedigheid” tereg te wys. (*Lees 2 Timoteus 2:24-26.*) ’n Persoon het dalk wel Jehovah se naam oneer aangedoen en onskuldige mense leed aangedoen. Maar as ’n ouer man kwaad word wanneer hy so iemand raad gee, sal dit die persoon nie

17. Waarom moet ons dissipline met dankbaarheid aanvaar?

18, 19. (a) Waarom is die raad in Spreuke 18:13 so belangrik “om in regverdigheid te dissiplineer”? (b) Wat is dikwels die gevolg wanneer ouer manne oortreders op sagmoedige en liefdevolle wyse hanteer?

help nie. Wanneer ouer manne egter “die goedhartigheid van God” navolg, kan hulle die persoon wat gesondig het, beweeg om berou te toon.—Rom. 2:4.

²⁰ Ouers moet Bybelbeginsels toepas terwyl hulle hulle kinders “in die dissipline en verstandsregulering van Jehovah” opvoed (Ef. 6:4). ’n Vader moenie sy seun straf op grond van ’n eensydige verslag oor die seun se gedrag nie. En in ’n Christengesin is daar geen plek vir gewelddadige woede nie. “Jehovah [is] baie teer in geneetheid en barmhartig”, en diegene wat die verantwoordelikheid het om jonges te dissiplineer, moet probeer om dieselfde liefdevolle eienskappe aan die dag te lê. —Jak. 5:11.

JEHOVAH SE KOSBARE GAWE AAN ONS

²¹ ’n Godvresende man het eenkeer verduidelik waarom hy Jehovah se wet liefhet. (*Lees Psalm 119:97-104.*) Deur dit te bestudeer, het hy wysheid, insig en begrip verkry. Om by die raad daarin te bly, het hom gehelp om valse paaie te vermy wat vir ander hartseer meegebring het. Dit was vir hom aangenaam en bevredigend om die Skrif te bestudeer. Hy was vasbeslote om gehoorsaam te wees aan die God wie se instruksies hom so ’n voorsprong in die lewe gegee het.

²² Waardeer jy “die hele Skrif”? Jy kan dit gebruik om jou geloof op te bou dat God wel sy voorneme sal vervul. Die geïnspireerde raad daarin beskerm jou teen die dodelike gevolge wat dit inhou om sonde te beoefen. En as jy dit op vaardige wyse aan ander verduidelik, kan jy hulle help om die weg van die lewe te vind en daarop te bly. Mag ons ten volle gebruik maak van “die hele Skrif” terwyl ons ons alwyse en liefdevolle God, Jehovah, dien.

20. Watter beginsels moet ouers toepas wanneer hulle hulle kinders dissiplineer?

21, 22. Watter deel van Psalm 119:97-104 beskryf die beste hoe jy oor Jehovah se Woord voel?

Vyf dekades in die voltydse diens naby die Noordpoolsirkel

SOOS VERTEL DEUR AILI EN ANNIKKI MATTILA

“Dis maklik vir jou om te pionier. Jou ouers is albei in die waarheid, en hulle kan jou onderhou”, het ons gesê vir ons vriendin wat in die voltydse diens was. “Luister! Ons almal het dieselfde Vader”, het sy geantwoord. Haar antwoord het ’n belangrike les bevat: Ons hemelse Vader sorg vir sy knegte en versterk hulle. Trouens, wat ons in ons lewe ondervind het, bevestig hierdie feit.



Annikki en Aili in hulle huidige toewysing





Van links: Matti (vader), Tauno, Saimi, Maria Emilia (moeder), Väinö (baba), Aili en Annikki in 1935



Van links: Eeva Kallio, Saimi Mattila-Syrjälä, Aili, Annikki en Saara Noponen in 1949

ONS het grootgeword in 'n gesin van tien kinders op 'n plaas in die noorde van Ostrobothnia, Finland. Die Tweede Wêreldoorlog het 'n groot uitwerking op ons kinderjare gehad. Hoewel ons honderde kilometers van die gevegsfront af gewoon het, het die gruwels van die oorlog 'n diep indruk op ons gemaak. Toe die nabygeleë stede Oulu en Kalajoki gebombardeer is, het die naghemel rooi gegloei. Ons ouers het vir ons gesê om onmiddellik weg te kruip wanneer ons oorlogsvliegtuie sien oorvlieg. Toe ons oudste broer, Tauno, dus vir ons vertel het van 'n paradysaarde sonder ongeregtheid, het dit ons harte geraak.

Tauno het Bybelwaarhede op 14-jarige ouderdom in die lektuur van die Bybelstudente ontdek. Toe die Tweede Wêreldoorlog uitbreek het, het hy op grond van sy Bybelopgeleide gewete geweier om militêre diens te doen en is hy tronk toe gestuur. Daar is hy wreed behandel. Dit het hom net meer vasbeslote gemaak om Jehovah te dien, en nadat hy vrygelaat is, was hy selfs yweriger in die bediening. Ons broer se uitstekende voorbeeld het ons aangespoor om die vergaderinge by te woon wat die Getuies in 'n naburige dorpie gehou het. Ons het ook byeenkomste bygewoon, hoewel ons hard moes werk om genoeg geld vir die reis op te spaar. Ons het uie gekweek, bessies gepluk en vir ons bure klerre gemaak. Aangesien daar baie werk op die plaas was, kon ons gewoonlik nie die byeenkomste saam bywoon nie, en daarom het ons beurte gemaak.

Die waarhede wat ons omtrent Jehovah en sy voorneme geleer het, het ons liefde vir hom laat toeneem, en ons het besluit om ons lewe aan hom toe te wy. In 1947 het ons al twee ons toewyding deur middel van waterdoop gesimboliseer—Annikki op 15 en Aili op 17. Ons suster Saimi is dieselfde jaar gedoop. Ons het die Bybel ook gestudeer met ons suster Linnea, wat reeds getroud was. Sy en haar gesin het ook Getuies van Jehovah geword. Ná ons doop het ons die doelwit gestel om te pionier, en van tyd tot tyd het ons vakansiepionierdiens (of hulppionierdiens) gedoen.

ONS BETREE DIE VOLTYDSE DIENS

In 1955 het ons getrek na Kemi, 'n stad wat verder noord was. Hoewel ons al twee voltyds gewerk het, wou ons nog steeds begin pionier, maar ons was bang dat ons ons nie in die pionierdiens sou kon onderhou nie. Ons het gedink dat ons eers 'n bietjie geld moet opspaar. Dit was toe dat ons die bogenoemde gesprek met die pioniersuster gehad het. Dit het ons gehelp om te sien dat ons vermoë om Jehovah voltyds te dien, nie net van ons middele of die ondersteuning van ons familie afhang nie. Die belangrikste is dat ons op ons hemelse Vader vertrou.

Op daardie stadium het ons genoeg spaargeld gehad om ons twee maande lank te onderhou. In Mei 1957 het ons dus huiwerig aansoek gedoen om twee maande te gaan pionier in Pello, 'n munisipa-



Op pad na die byeenkoms in Kuopio in 1952.
Van links: Annikki, Aili en Eeva Kallio

Kaisu Reikko en Aili in die veldbediening

Ná 50 jaar in die pionierdiens het ons nog steeds ons spaargeld!

le gebied in Lapland, bo die Noordpoolsirkel. Ná twee maande het ons al ons spaargeld oorgehad, en daarom het ons aansoek gedoen om nóg twee maande te pionier. Twee maande later, het ons nog steeds al die geld gehad. Toe was ons seker dat Jehovah vir ons sou sorg. Ná 50 jaar in die pionierdiens het ons nog steeds ons spaargeld! Wanneer ons hierop terugkyk, voel ons asof Jehovah ons hande vasgryp het en gesê het: "Moenie bang wees nie. Ek sal [julle] help."—Jes. 41:13.

In 1958 het ons kringopsiener aanbeveel dat ons as spesiale pioniers gaan dien in Sodankylä, Lapland. Op daardie stadium was daar net een Getuie, 'n suster, in daardie gebied. Sy het die waarheid op 'n interessante manier geleer. Haar seun was op 'n klasuitstappie in Helsinki, die hoofstad van Finland. Terwyl die groep in die stad geloop het, het 'n bejaarde suster 'n nommer van *Die Wagtoring* vir die seun gegee, wat laaste in die ry was, en hom gevra om dit vir sy ma te gee. Hy het dit gedoen, en sy ma het onmiddellik besef dat dit die waarheid is.

Ons het 'n kamer bo 'n saagmeule gehuur. Ons

het vergaderinge daar gehou. Aan die begin was ons twee en die plaaslike suster en haar dogter die enigstes by die vergaderinge. Ons het die studiemateriaal saam gelees. Later het 'n man wat voorheen die Bybel met die Getuies gestudeer het, by die saagmeule kom werk. Hy en sy gesin het met ons groep begin assosieer. Ná verloop van tyd is hy en sy vrou gedoop. Hierdie broer het by ons vergaderinge die leiding geneem. 'n Paar ander mans wat by die meule gewerk het, het ook die vergaderinge begin bywoon en Bybelwaarheid aangeneem. 'n Paar jaar later het ons groep in so 'n mate gegroei dat 'n gemeente gestig is.

MOEILIKE OMSTANDIGHED

Die lang afstande wat ons in die bediening moes aflê, was vir ons 'n uitdaging. In die somer het ons gestap, fiets gery en selfs geroei om mense in ons gebied te bereik. Ons fietse het ons baie handig te pas gekom. Ons het dit ook gebruik om byeenkomste by te woon en ons ouers te besoek, wat honderde kilometers daarvandaan gewoon het. In die winter het ons vroeg in die oggend 'n bus na 'n dorpie in die gebied geneem en dan van huis tot huis geloop. Wanneer ons 'n dorpie se gebied gedek het, het ons na die volgende een gestap. Die sneeu was diep, en die paaie was nie altyd geskraap nie. Ons het dikwels geloop in die spore wat perdesleë in die sneeu gelaat het. Soms het die sneeu die spore van vorige reisigers bedek, en



Saam in die bediening op 'n koue wintersdag



Party van dié met wie ons gestudeer het

vroeg in die lente was die sneeu so 'n pappery dat ons met moeite daardeur geloop het.

Weens die ysige temperature en sneeuweer het ons warm aangetrek. Ons het wolkouse en twee of drie paar sokkies sowel as lang stewels gedra. Nogtans was ons stewels dikwels vol sneeu. Wanneer ons by die trappe van 'n huis gekom het, het ons ons stewels uitgetrek en die sneeu uitgeskud. Die onderkant van ons lang winterjasse het ook nat geword wanneer ons deur die sneeu gestap het. En dan, wanneer dit kouer geraak het, het dit kliphard gevries en soos plaatmetaal gevoel. Een huisvrou het gesê: "Die feit dat julle vrywillig in hierdie weer uitgekome het, toon dat julle beslis ware geloof het." Ons het meer as 11 kilometer gestap om by daardie huis uit te kom.

Weens die groot afstande het ons dikwels by die plaaslike mense oornag. Wanneer dit laat begin word het, het ons mense vir blyplek begin vra. Die huise was beskeie, maar die mense was vriendelik en gasvry, en hulle het ons nie net slaapplek aangebied nie, maar ook iets om te eet. Dikwels het die vel van 'n rendier, 'n elk of selfs 'n beer as ons bed gedien. Soms het ons luukshede geniet. Een vrou wat in 'n groot huis gewoon het, het ons byvoorbeeld na 'n gastekamer op die boonste verdieping geneem waar daar 'n pragtige bed bedek met vars, wit kantlakens was. Ons het dikwels die Bybel tot laat in die nag met die huisbewoners bespreek. By een geleentheid het die egpaar wat in die huis ge-

woon het, aan een kant van die kamer geslaap, en ons aan die ander kant. Ons het tot die vroeë oggendure in die donker oor die Bybel gelê en gesels. Die man en sy vrou het om die beurt vroeë gevra —die een ná die ander.

'N LONENDE BEDIENING

Lapland is 'n barre dog pragtige landstreek, waarvan die prag met die seisoene verander. Maar vir ons was die mense wat die boodskap oor Jehovah waardeur het, selfs mooier. Die opregte mense vir wie ons getuig het, het houtkappers ingesluit wat na houtkapperskampe in Lapland gekom het. Soms, wanneer ons twee fyngeboude susters by 'n huisie ingegaan het, was daar tientalle mans daarin. Hierdie frisegeboude mans het die Bybel se boodskap verwelkom en graag lektuur geneem.

Ons het talle opwindende ondervindinge gehad. Op 'n dag was die horlosie in die busstasie vyf minute voor, en ons het dus ons bus verpas. Ons het besluit om 'n bus na 'n ander dorp te neem. Ons het nooit tevore in daardie gebied gewerk nie. By die eerste huis het ons 'n jong vrou ontmoet wat gesê het: "Hier is julle, net soos ek verwag het." Ons het die Bybel met haar suster gestudeer. Die jong vrou het haar suster gevra om te reël dat ons haar op daardie dag besoek. Maar ons het nooit die boodskap gekry nie. 'n Bybelstudie is begin met haar en haar familieleden, wat in die huis langsaan gewoon het. Nie lank daarna nie het ons die stu-

dies saamgesmelt, en 'n stuk of twaalf mense het die studie bygewoon. Sedertdien het baie lede van hierdie familie Getuies van Jehovah geword.

In 1965 is ons gestuur na die gemeente waar ons tans dien, in Kuusamo, net onder die Noordpool-sirkel. Op daardie stadium was daar net 'n paar verkondigers in die gemeente. Aan die begin het ons gedink dat ons nuwe gebied 'n bietjie moeilik is. Die mense was baie godsdienstig, en hulle was bevooroordeel teenoor ons. Nóg tans het baie van hulle die Bybel gerespekteer, en dit het 'n gemeenskaplike grondslag vir gesprekke voorsien. Bietjie vir bietjie het ons dus probeer om die mense te leer ken, en ná sowat twee jaar was dit makliker om Bybelstudies te begin.

NOG STEEDS BEDRYWIG IN DIE BEDIENING

Deesdae het ons nie die energie om lang dae in velddiens deur te bring nie, maar ons gaan nog steeds byna elke dag in die bediening uit. Dit het vir ons makliker geword om die goeie nuus in ons uitgebreide gebied te verkondig toe Aili, aangespoor deur ons nefie, bestuurslesse geneem het en in 1987 op 56-jarige ouderdom 'n bestuurslisensie gekry het. Dinge het nog makliker geraak toe 'n

nuwe Koninkryksaal gebou is en ons in die woonstel langsaan ingetrek het.

Die groei wat ons gesien het, verskaf ons groot vreugde. Toe ons die voltydse diens in die noorde van Finland betree het, was daar net 'n paar verkondigers in hierdie uitgestrekte gebied. Nou is daar 'n kring wat uit etlike gemeentes bestaan. By die byeenkomste stel iemand hom dikwels aan ons voor en vra of ons hom onthou. In party gevalle het ons 'n Bybelstudie in die gesin se huis gehou toe hy 'n kind was. Die saad wat jare of selfs dekades vroeër gesaai is, het vrug gedra!—1 Kor. 3:6.

In 2008 was ons 50 jaar lank in die spesiale pionierdiens. Ons dank Jehovah dat ons mekaar kon aanmoedig om in hierdie kosbare werk te volhard. Ons lewe was eenvoudig, maar ons het nooit enigiets kortgekom nie (Ps. 23:1). Ons aanvanklike vrees om die voltydse diens te betree, was tog so onnodig! Gelukkig het Jehovah ons deur al hierdie jare heen versterk net soos hy belowe het in Jesaja 41:10: "Ek sal jou versterk. Ek sal jou werklik help. Ek sal jou werklik stewig vashou met my regterhand van regverdigheid."

Ons geniet velddiens,
selfs op reëniger dae





‘Maak seker van die belangriker dinge.’

—FIL. 1:10.

PUNTE OM OOR TE PEINS

Watter vertrouwe boesem die visioene van Jesaja, Esegïel en Daniël by ons in?

Watter les leer ons wanneer ons sien waarop die aardse deel van Jehovah se organisasie toegespits is?

Wat is jy vasbeslote om te doen nadat jy hierdie artikel gelees het?

‘MAAK SEKER VAN DIE BELANGRIKER DINGE’

PETRUS, Jakobus, Johannes en Andreas was uiteindelik alleen met hulle Heer. Wat Jesus vroeër oor die vernietiging van die tempel gesê het, het swaar op hulle gemoed gedruk (Mark. 13:1-4). Daarom het hulle gevra: “Sê vir ons: Wanneer sal hierdie dinge wees, en wat sal die teken van u teenwoordigheid en van die voleinding van die stelsel van dinge wees?” (Matt. 24:1-3). Jesus het hulle begin vertel van gebeure, of toestande, wat voor die vernietiging van Jerusalem sou plaasvind asook gebeure wat die laaste dae van Satan se goddelose stelsel van dinge sou kenmerk. Een spesifieke gebeurtenis moes ongetwyfeld die belangstelling van Jesus se dissipels geprikkel het. Nadat Jesus van angswekkende gebeure soos oorloë, voedseltekorte en ’n toename in wetteloosheid gepraat het, het hy iets positiefs voorspel wat ook die laaste dae sou kenmerk. Hy het gesê: “Hierdie goeie nuus van die koninkryk sal in die hele bewoonde aarde verkondig word as ’n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom.”—Matt. 24:7-14.

² Jesus se dissipels het die voorreg geniet om die goeie nuus van die Koninkryk saam met Christus te verkondig (Luk. 8:1; 9:1, 2). Hulle het dalk onthou dat hy gesê het: “Die oes is werklik groot, maar die werkers is min. Smeeke dan die Heer van die oes om werkers in sy oes uit te stuur” (Luk. 10:2). Maar hoe sou hulle “in die hele bewoonde aarde” preek en “’n getuienis vir al die nasies” gee? Waar sou die werkers vandaan kom? As hulle maar net ’n kykie in die toekoms kon gekry het toe hulle daardie dag saam met Jesus gesit het! Hulle sou ongetwyfeld verbaas gewees het om te sien hoe die woorde wat ons nou in Matteus 24:14 lees, vervul word.

1, 2. Watter profesie oor die laaste dae het ongetwyfeld die belangstelling van Jesus se dissipels geprikkel, en waarom?

³ Ons lewe in die tyd waarin Jesus se profesie vervul word. Miljoene werk saam om die goeie nuus van die Koninkryk wêreldwyd te verkondig (Jes. 60:22). Jesus het egter te kenne gegee dat party dit moeilik sou vind om hulle fokus in hierdie laaste dae te behou. Hulle aandag sou afgelei word, en hulle sou “beswaar word”. (*Lees Lukas 21:34.*) Ons sien ook die vervulling van hierdie woorde. Party onder God se volk se aandag word afgelei. Dit kan gesien word in die besluite wat hulle neem in verband met sekulêre werk, hoër onderwys en materiële besittings sowel as die hoeveelheid tyd wat hulle aan sport en vermaak bestee. Ander raak moeg weens die druk en sorg van die daaglikse lewe. Vra jou af: ‘Hoe vaar ek? Wat toon my besluite oor wat vir my die belangrikste is?’

⁴ Christene wat in die eerste eeu gelewe het, moes hulle inspan om altyd aan geestelike dinge prioriteit te gee. Die apostel Paulus het dit nodig geag om te bid dat Christene in Filippi “seker . . . maak van die belangriker dinge”. (*Lees Filippense 1:9-11.*) Soos die apostel Paulus, het die meeste Christene destyds “al hoe meer moed aan die dag [gelê] om die woord van God onbevrees te spreek” (Fil. 1:12-14). Net so verkondig die meeste van ons God se Woord vandag ook moedig. Maar kan ’n bespreking van wat nou in Jehovah se organisasie vermag word, ons help om ons selfs meer op die allerbelangrikste predikingswerk toe te spits? Dit kan beslis! In hierdie artikel sal ons bespreek hoe Jehovah sy hedendaagse organisasie gebruik om die vervulling van Matteus 24:14 moontlik te maak. Waarop

3. Hoe word Lukas 21:34 vandag vervul, en watter selfondersoek moet ons doen?

4. (a) Wat was Paulus se gebed vir die Christene in Filippi, en waarom? (b) Wat sal ons in hierdie en die volgende artikel bespreek, en met watter oogmerk?

is sy organisasie toegespits, en hoe kan dit ons en ons gesinne motiveer? Die volgende artikel sal bespreek wat ons kan help om getrou te bly en met Jehovah se organisasie tred te hou.

DIE HEMELSE DEEL VAN JEHOVAH SE ORGANISASIE IS AAN DIE BEWEEG

⁵ Daar is baie dinge wat Jehovah besluit het om nie in sy geskrewe Woord te sit nie. Hy het byvoorbeeld geen besonderhede verstrekk oor hoe die brein of die heelal werk nie, al sou sulke inligting fassinerend gewees het! Jehovah het egter inligting voorsien wat ons nodig het om sy voorneme te verstaan en om in ooreenstemming daarmee te lewe (2 Tim. 3:16, 17). Hoe interessant is dit dan dat die Bybel ons wel ’n kykie gee in die onsigbare deel van Jehovah se organisasie! Dit is vir ons opwindend om die beskrywings te lees van die hemelse deel van Jehovah se organisasie wat deur Jesaja, Esegïel en Daniël sowel as deur Johannes in Openbaring neergeskryf is (Jes. 6:1-4; Eseg. 1:4-14, 22-24; Dan. 7:9-14; Op. 4:1-11). Dit is asof Jehovah ’n gordyn oopgetrek het en ons toegelaat het om in die hemele in te kyk. Waarom het hy hierdie inligting voorsien?

⁶ Jehovah wou nie hê dat ons ooit moet vergeet dat ons deel is van ’n universele organisasie nie. Dit is nie net die sigbare deel van Jehovah se organisasie wat hard werk om sy voorneme te vervul nie. Byvoorbeeld, die onsigbare deel van Jehovah se organisasie is in ’n visioen aan Esegïel as ’n yslike hemelse strydwa uitgebeeld. Hierdie strydwa kon vinnig beweeg en in ’n oogwink van rigting verander (Eseg. 1:15-21). Met elke omwenteling van sy wiele kon die strydwa groot afstande aflê. In die visioen kon Esegïel

5, 6. (a) Waarom het Jehovah visioene van die hemelse deel van sy organisasie voorsien? (b) Wat het Esegïel in ’n visioen gesien?



ook die Een sien wat op die strydwa ry. Hy het gesê: “Ek het iets soos die gloed van elektrum gesien, en dit het gelyk of daar rondom vuur daarin is . . . Dit het soos die heerlikheid van Jehovah gelyk” (Eseg. 1:25-28). Hoe ontsagwekkend was dit ongetwyfeld vir Esegïel om hierdie visioen te sien! Hy het gesien dat Jehovah ten volle in beheer van sy organisasie is en die beweging daarvan deur sy heilige gees rig. Wat ’n aanskoulike uitbeelding van hoe die hemelse deel van Jehovah se organisasie aan die beweeg is!

⁷ Daniël het ook ’n visioen gesien wat vertrou by ons inboesem. Hy het die voorreg gehad om Jehovah in ’n visioen te sien waarin hy uitgebeeld word as “die Oue van Dae” wat op ’n troon van vuur-

7. Hoe boesem Daniël se visioen by ons vertrou in?

vlamme sit. Die troon was op wiele (Dan. 7:9). Jehovah wou hê dat Daniël moet sien dat Sy organisasie aan die beweeg is en dat dit Sy voorneme verwesenlik. Daniël het ook “iemand soos ’n seun van die mens”, Jesus, gesien wat toesig oor die aardse deel van Jehovah se organisasie gegee word. Christus se volmaakte heerskappy bestaan nie net ’n paar kort jare nie. Dit is eerder “’n heerskappy van onbepaalde duur wat nie sal verbygaan nie, en sy koninkryk een wat nie vernietig sal word nie” (Dan. 7:13, 14). Ons word beweeg om vertrou te hê in Jehovah en in wat hy doen. Hy het “heerskappy en waardigheid en ’n koninkryk” gegee aan sy beproefde en getroue Seun, Jesus. Jehovah stel vertrou in sy Seun. Daarom kan ons ook vertrou in Jesus se leierskap hê.

⁸ Watter uitwerking moet hierdie visioene van die onsigbare deel van Jehovah se organisasie op ons hê? Soos Esegïel word ons sekerlik met ontsag vervul en laat dit ons nederig voel as ons sien wat Jehovah vermag (Eseg. 1:28). As ons oor Jehovah se organisasie peins, kan dit ons tot optrede beweeg, soos met Jesaja die geval was. Toe hy die geleentheid gekry het om ander te vertel oor wat Jehovah doen, het hy dit aangegryp sonder om te huiwer. (*Lees Jesaja 6:5, 8.*) Jesaja het die vertrouwe gehad dat hy enige uitdaging met Jehovah se ondersteuning suksesvol die hoof kan bied. Net so moet hierdie kykie in die onsigbare deel van Jehovah se organisasie ons met ontsag vervul en tot optrede aanspoor. Hoe aanmoedigend is dit tog om te dink aan hierdie organisasie, wat die heeltyd aan die beweeg is en heeltemal daarop toegespits is om Jehovah se voorneme te verwesenlik!

DIE AARDSE DEEL VAN JEHOVAH SE ORGANISASIE

⁹ Deur middel van sy Seun het Jehovah die aardse deel van sy organisasie opgerig wat met die onsigbare deel daarvan saamwerk. Waarom is 'n sigbare deel van Jehovah se organisasie nodig om die werk te doen wat in Matteus 24:14 beskryf word? Kyk na drie redes.

¹⁰ Eerstens het Jesus gesê dat hierdie predikingswerk sy dissipels na "die mees afgeleë deel van die aarde" sou neem (Hand. 1:8). Tweedens sou geestelike voedsel en aanmoediging voorsien moes word aan diegene wat hierdie werk doen (Joh. 21:15-17). Derdens sou voorsiening gemaak moes word sodat dié wat die goeie nuus verkondig, kon vergader

om Jehovah te aanbid en geleer te word om die werk uit te voer (Heb. 10:24, 25). Hierdie doelwitte kon nie per toeval bereik word nie. Om dit alles te vermag, sou Christus se volgelinge goed georganiseerd moes wees.

¹¹ Hoe toon ons dat ons die reëlings van Jehovah se organisasie ondersteun? Een belangrike manier is om altyd vertrouwe te stel in diegene wat deur Jehovah en Jesus vertrou word om die leiding in die predikingswerk te neem. Daar is baie bedrywighede of sake in hierdie wêreld wat meeding om die tyd en aandag van dié wat die leiding onder ons neem. Waarop was die sigbare deel van Jehovah se organisasie nog altyd toegespits?

TOEGESPITS OP "DIE BELANGRIKER DINGE"

¹² Ervare Christen-ouer manne is regoor die wêreld aangestel om die Koninkrykspredikingswerk in die lande waar hulle dien, te bevorder en daarvoor toesig te hou. Wanneer hierdie broers besluit neem, soek hulle leiding in God se Woord en gebruik hulle dit dus as "n lamp vir hulle voet en 'n lig vir hulle pad". Hulle bid ook ernstig tot Jehovah dat hy hulle moet rig.—Ps. 119:105; Matt. 7:7, 8.

¹³ Soos diegene wat in die eerste eeu die leiding geneem het, is Christen-ouer manne wat vandag oor die predikingswerk toesig hou, "aan die bediening van die woord" gewy (Hand. 6:4). Hulle verheug hulle oor die vooruitgang van die predikingswerk, in hulle plaaslike gebied en regoor die wêreld (Hand. 21:19, 20). Hulle maak nie eindelose reëls nie. Hulle volg eerder die Skrif en die leiding

8. Watter uitwerking het visioene wat Jehovah aan Esegïel en Jesaja gegee het, op hulle gehad, en watter uitwerking moet dit op ons hê?

9, 10. Waarom is 'n sigbare deel van Jehovah se organisasie nodig?

11. Hoe toon ons dat ons die reëlings van Jehovah se organisasie ondersteun?

12, 13. Hoe voer Christen-ouer manne hulle toewysing uit, en waarom is dit vir jou aanmoedigend?

van God se heilige gees wanneer hulle die nodige reëlings tref om die predikingswerk te bevorder. (*Lees Handeling 15:28.*) Sodoende stel hierdie verantwoordelike broers vir almal in hulle plaaslike gemeente 'n uitstekende voorbeeld.—Ef. 4:11, 12.

¹⁴ Baie is nie bewus van die volgehoue inspanning wat dit verg om geestelike voedsel vir ons publikasies, vergaderinge en byeenkomste voor te berei nie. Duisende vrywilligers werk onvermoeid om hierdie geestelike voedsel in sowat 600 tale te vertaal sodat soveel mense moontlik in hulle eie taal van “die luisterryke dinge van God” kan leer (Hand. 2:7-11). Jong broers en susters werk by hoëspoed-drukperse en boekbinderye om ons lektuur te vervaardig. Hierdie lektuur word dan gestuur na gemeentes tot in die mees afgeleë dele van die aarde.

¹⁵ Daar is etlike reëlings ingestel sodat ons kan konsentreer op die verkondiging van die goeie nuus saam met ons plaaslike gemeente. Duisende bied hulle byvoorbeeld vrywillig aan om met die bou van Koninkryksale en Byeenkomssale te help, ons byeenkomste te organiseer, teokratiese skole te hou en bystand te verleen aan diegene wat deur natuurrampe geraak is of met mediese noodgevallen te kampe het—om maar net 'n paar bedrywighede te noem wat agter die skerms plaasvind. Wat is die doel van al hierdie werk? Om na die geestelike welsyn om te sien van dié wat hierdie werk doen en om die verkondiging van die goeie nuus sowel as ware aanbidding te bevorder. Het die aardse deel van Jehovah se organisasie op die belangriker dinge toegespits gebly? Beslis!

14, 15. (a) Watter reëlings is ingestel om die wêreldwye predikingswerk te ondersteun? (b) Hoe voel jy oor die rol wat jy speel in die bevordering van die Koninkrykspredikingswerk?

VOLG DIE VOORBEELD VAN JEHOVAH SE ORGANISASIE

¹⁶ Dink ons van tyd tot tyd na oor hoe Jehovah se organisasie funksioneer? Parly het besluit om gedurende hulle gesinsaanbidding of persoonlike studie tyd opsy te sit om navorsing oor hierdie dinge te doen en daaroor te peins. Die visioene wat aan Jesaja, Esegël, Daniël en Johannes gegee is, is 'n opwindende onderwerp vir studie. Die boek *Jehovah se Getuies—verkondigers van God se Koninkryk* en ander publikasies of DVD's wat in jou taal beskikbaar is, leer ons talle interessante dinge omtrent die organisasie.

¹⁷ Dit is goed vir ons om na te dink oor wat Jehovah deur middel van sy organisasie vermag. Mag ons, tesame met hierdie wonderlike organisasie, vasbeslote wees om op die belangriker dinge toegespits te bly. As ons dit doen, sal dit ons motiveer om net so vasbeslote te wees soos Paulus, wat gesê het: “Aangesien ons hierdie bediening het ooreenkomstig die barmhartigheid wat aan ons bewys is, gee ons nie moed op nie” (2 Kor. 4:1). Hy het sy medewerkers ook aangespoor: “Laat ons derhalwe nie ophou om te doen wat goed is nie, want op die regte tyd sal ons maai as ons nie moeg word nie.”—Gal. 6:9.

¹⁸ Is daar veranderinge wat ons as individue of gesinne moet aanbring sodat ons in ons daaglikse roetine van die belangriker dinge seker kan maak? Kan ons ons lewe vereenvoudig of afleidings verminder sodat ons meer aandag aan die allerbelangrikste predikingswerk kan gee? In die volgende artikel sal ons vyf dinge bespreek wat ons sal help om met Jehovah se organisasie tred te hou.

16. Wat sal 'n goeie Bybelstudieprojek vir jou of jou gesin wees?

17, 18. (a) Hoe het jy by hierdie bespreking baat gevind? (b) Watter vrae moet ons ons afvra?



“Laat ons . . . nie ophou om te doen wat goed is nie.”—GAL. 6:9.

HOE SAL JY ANTWOORD?

Watter voorsienings help ons om ons ywer vir die waarheid te behou?

Watter uitwerking sal dit op ons vergaderingbywoning hê as ons ons op die aanbidding van Jehovah toespits?

Hoe kan ons besluite toon of ons in ons diens sal volhard of sal moeg word?

‘MOENIE MOEG WORD NIE’

DIT vervul ons met ontsag om te dink dat ons deel is van ’n groot universele organisasie. Die visioene wat in Esegïel hoofstuk 1 en Daniël hoofstuk 7 opgeteken is, voorsien ’n lewendige uitbeelding van hoe Jehovah sake bewerkstellig om sy voorneme te volbring. Jesus lei die aardse deel van Jehovah se organisasie en rig dit om die goeie nuus te verkondig, om geestelik om te sien na diegene wat hierdie werk doen en om die ware aanbidding van Jehovah te bevorder. Watter vertrouwe gee dit ons tog in Jehovah se organisasie!—Matt. 24:45.

² Hou ons as individue met hierdie wonderlike organisasie tred? Neem ons entoesiasme vir die waarheid voortdurend toe of neem dit af? Wanneer ons hierdie vroeë oordink, let ons dalk op dat ons moeg begin raak het of van ons ywer verloor het. Dit kan gebeur. In die eerste eeu moes die apostel Paulus mede-Christene vermaan om die ywerige voorbeeld van Jesus in gedagte te hou. Paulus het vir hulle gesê dat dit hulle sou help om ‘nie moeg te word en in hulle siel te beswyk nie’ (Heb. 12:3). ’n Noukeurige studie van die vorige artikel, wat toon wat Jehovah se organisasie vermag, sou ons eweneens baie gehelp het om ons entoesiasme te behou en om te volhard.

³ Paulus het egter te kenne gegee dat meer nodig is as ons nie wil moeg raak nie. Hy het gesê dat ons ons sal moet inspan “om te doen wat goed is” (Gal. 6:9). Dit vereis dus optrede. Kom ons bespreek vyf bedrywighede wat ons kan help om standvastig te bly en om met Jehovah se organisasie tred te hou. Dan kan ons self besluit of daar aspekte is waaraan ons of ons gesinne meer aandag moet skenk.

1, 2. Hoe word ons vertrouwe vergroot wanneer ons dink aan Jehovah se universele organisasie?

3. Wat is nodig as ons nie moeg wil raak nie, en wat sal ons in hierdie artikel bespreek?

VERGADER VIR AANMOEDIGING EN AANBIDDING

⁴ Dit was nog altyd vir Jehovah se knegte baie belangrik om te vergader. In die onsigbare ryk word geesskepele op gepaste tye genooi om in Jehovah se teenwoordigheid te vergader (1 Kon. 22:19; Job 1:6; 2:1; Dan. 7:10). In eertydse Israel moes die nasie bymekaarkom “sodat hulle [kon] luister en sodat hulle [kon] leer” (Deut. 31:10-12). Die Jode in die eerste eeu het die gewoonte gehad om na die sinagoge te gaan om uit die Skrif te lees (Luk. 4:16; Hand. 15:21). Toe die Christengemeente gestig is, is daar steeds baie klem op die belangrikheid van vergaderinge geplaas, en dit is nog steeds ’n noodsaaklike deel van ons aanbidding. Ware Christene “[gee] op mekaar ag . . . om tot liefde en goeie werke aan te spoor”. Ons moet aanhou ’om mekaar aan te moedig, en dit des te meer namate ons Jehovah se dag sien nader kom’.—Heb. 10:24, 25.

⁵ Een belangrike manier waarop ons mekaar aanmoedig, is om ’n aandeel aan ons vergaderinge te hê. Ons kan ons geloof in die openbaar bekend maak deur onder meer ’n gedrukte vraag te beantwoord, die toepassing van ’n teks te gee of ’n kort ondervinding te vertel wat toelig dat dit verstandig is om Bybelbeginsels te volg (Ps. 22:22; 40:9). Ongeag hoeveel jare ons al vergaderinge bywoon, ons vind dit altyd aanmoedigend om te luister na die hartgrondige kommentare van ons broers en susters—oud en jonk.

⁶ Om watter redes is dit vir God so belangrik dat ons gereeld vergader? Ons vergaderinge en byeenkomste help ons om die moed te hê om met vrymoedigheid

4. Waarom kan ons sê dat vergaderinge ’n noodsaaklike deel van ons aanbidding is?

5. Hoe kan ons mekaar by ons vergaderinge aanmoedig?

6. Hoe help ons vergaderinge ons om geestelik bedrywig te bly?

te praat en teenstand of onverskilligheid in die veld die hoof te bied (Hand. 4:23, 31). Ons word deur die skriftuurlike besprekings versterk en standvastig gemaak in die geloof (Hand. 15:32; Rom. 1:11, 12). Die onderrigting en wedersydse aanmoediging wat ons by ons vergaderinge vir aanbidding ontvang, maak ons werklik gelukkig en gee ons “rus . . . van dae van ramspoed” (Ps. 94:12, 13). Die Onderrigtingskomitee van die Bestuursliggaam hou toesig oor die voorbereiding van alle geestelike programme vir die onderrigting van Jehovah se volk regoor die wêreld. Hoe dankbaar kan ons tog wees vir die voorsienings wat gemaak word sodat ons elke week van die jaar heilsame onderrigting by ons vergaderinge kan geniet!

⁷ Daar is egter iets wat selfs belangriker is as die persoonlike voordele wat vergaderingbywoning meebring. Die hoofrede waarom ons vergader, is om Jehovah te aanbid. (**Lees Psalm 95:6.**) Wat ’n voorreg het ons tog om ons wonderlike God te loof! (Kol. 3:16). Jehovah verdien ons getroue aanbidding wat ons onder andere deur middel van ons bywoning en deelname aan teokratiese vergaderinge gee (Op. 4:11). Dit is dus geen wonder dat ons vermaan word om “nie ons onderlinge vergadering [na te laat] soos party die gewoonte het nie”!—Heb. 10:25.

⁸ Beskou ons ons Christelike vergaderinge as ’n voorsiening wat ons help om te volhard totdat Jehovah teen hierdie goddelose stelsel van dinge optree? Indien wel, sal die vergaderinge onder “die belangriker dinge” wees waarvoor ons in ons besige lewe tyd inruim (Fil. 1:10). Ons sal dus nie ’n geleentheid misloop om met ons broers in die aanbidding van Jehovah verenig te wees tensy ons ’n baie ernstige rede het nie.

7. 8. (a) Wat is die hoofrede vir ons gemeentelike vergaderinge? (b) Hoe versterk die vergaderinge jou geestelik?

DIE AARDSE DEEL VAN JEHOVAH SE ORGANISASIE SLUIT IN:

1. Die Bestuursliggaam
2. Takkomitees
3. Reisende opsieners
4. Liggame van ouer manne
5. Gemeentes
6. Individuele verkondigers



SOEK NA OPREGTES VAN HART

⁹ 'n Volle deelname aan die predikingswerk help ons ook om met Jehovah se organisasie tred te hou. Jesus het hierdie werk begin toe hy hier op die aarde was (Matt. 28:19, 20). Van toe af was die Koninkrykspredikings- en dissipelmaakwerk vir Jehovah se hele organisasie van die grootste belang. Talle hedendaagse ondervindinge lewer bewys dat die engele ons werk ondersteun en ons rig na diegene “wat die regte gesindheid vir die ewige lewe . . . het” (Hand. 13:48; Op. 14:6, 7). Vandag is die hoofdoel van die aardse deel van Jehovah se orga-

9. Hoe weet ons dat die predikingswerk belangrik is?

nisasie om hierdie uiters belangrike werke te organiseer en te ondersteun. Is die bediening ook die middelpunt van jou lewe?

¹⁰ As ons ywerig in die bediening is, help dit ons om ons entoesiasme vir die waarheid te behou. Kyk na wat Mitchel, 'n gewone pionier wat al lank as 'n ouer man dien, sê: “Ek hou daarvan om mense van die waarheid te vertel. Ek verwonder my oor die wysheid, insig en gebalanseerde benadering van elke nommer van *Die Wagtoring en Ontwaak!* Ek wil in velddiens uitgaan en sien hoe mense reageer en hoe ek hulle belangstelling kan

10. (a) Lig toe hoe ons ons entoesiasme vir die waarheid kan behou. (b) Hoe het die bediening jou gehelp om nie moeg te word nie?

wek. My bediening gee my stabiliteit in die lewe. Ek maak seker dat niks inbreuk maak op die tyd wat ek vir die bediening opsygesit het nie.” As ons besig bly in ons heilige diens, kan dit ons eweneens help om in hierdie laaste dae standvastig te bly. —*Lees 1 Korintiërs 15:58.*

VIND BAAT BY GEESTELIKE VOORSIENINGS

¹¹ Jehovah voorsien ’n oorvloed geskrewe geestelike voedsel om ons te versterk. Nadat jy ’n publikasie gelees het, het jy ongetwyfeld al gedink: ‘Dis presies wat ek nodig gehad het! Dis asof Jehovah dit net vir my laat skryf het!’ Dit is nie toevallig nie. Jehovah gebruik hierdie voorsienings om ons te onderrig en te lei. Hy het gesê: “Ek sal jou insig gee en jou onderrig in die weg wat jy moet gaan” (Ps. 32:8). Probeer ons om al die geestelike voedsel wat ons ontvang, in te neem en daaroor na te dink? Dit sal ons help om aan te hou om vrug te dra en nie in hierdie moeilike laaste dae geestelik te verwelk nie.—*Lees Psalm 1:1-3; 35:28; 119:97.*

¹² Dit is vir ons goed om na te dink oor die werk wat dit verg om gereeld hierdie heilsame geestelike voedsel aan ons te voorsien. Die Skryfkomitee van die Bestuursliggaam hou toesig oor die navorsing, skryfwerk, proeflesing, kunswerk en vertaling wat gedoen moet word vir ons gedrukte publikasies en die materiaal op ons webwerf. Takkantore wat drukwerk doen, versend lektuur na gemeentes naby en ver. Waarom word al hierdie werk gedoen? Sodat Jehovah se volk geestelik goed gevoed kan wees (Jes. 65:13). Laat ons vasbeslote wees om baat te vind by al

11. Waarom moet ons ten volle gebruik maak van die geestelike voedsel wat ons van Jehovah ontvang?

12. Wat kan ons help om geestelike voorsienings te waardeer?

die geestelike voedsel wat Jehovah se organisasie voorsien.—Ps. 119:27.

ONDERSTEUN DIE ORGANISASIE SE REËLINGS

¹³ In ’n visioen wat aan die apostel Johannes gegee is, het hy Jesus op ’n wit perd sien ry om te oorwin in die stryd teen dié wat teen Jehovah in opstand kom (Op. 19:11-15). Hoe geloofversterkend is dit tog om te weet dat die getroue engele Jesus ondersteun en dat die gesalfde oorwinnaars van die aarde, wat reeds hulle hemelse beloning ontvang het, saam met hom is! (Op. 2:26, 27). Wat ’n uitstekende voorbeeld stel hulle vir ons wanneer dit kom by die ondersteuning van Jehovah se reëlins!

¹⁴ Net so gee die groot menigte hulle volle ondersteuning aan die werk van Christus se gesalfde broers wat nog op die aarde is en wat vandag die leiding in die organisasie neem. (*Lees Sagaria 8:23.*) Hoe kan ons as individue toon dat ons Jehovah se reëlins ondersteun? Een manier is om onderdanig te wees aan dié wat die leiding neem (Heb. 13:7, 17). Dit begin in ons eie gemeente. Bevorder ons opmerkings oor die ouer manne respek vir hulle en hulle opsiensamp? Spoor ons ons kinders aan om hierdie getroue manne te respekteer en om na hulle skriftuurlike raad te luister? En bespreek ons as ’n gesin hoe ons ons geld kan gebruik om die wêreldwye werk deur middel van ons bydraes te ondersteun? (Spr. 3:9; 1 Kor. 16:2; 2 Kor. 8:12). Beskou ons die voorreg om met die instandhoudingswerk van die Koninkryksaal te help as belangrik? Jehovah se gees vloei vryelik waar daar sulke respek en eenheid is. Hierdie gees help ons voortdurend om nie in hierdie laaste dae moeg te raak nie.—Jes. 40:29-31.

13, 14. Wie ondersteun Jehovah se reëlins in die hemele, en hoe kan ons op die aarde soortgelyke ondersteuning daaraan gee?

ONS LEWE MOET MET ONS BOODSKAP OOREENSTEM

¹⁵ Om te volhard en met Jehovah se organisasie tred te hou, moet ons seker maak dat ons lewe ooreenstem met die boodskap wat ons verkondig deur “seker te maak van wat vir die Here aanneemlik is” (Ef. 5:10, 11). Weens ons onvolmaakte vlees, Satan se aanvalle en hierdie goddelose wêreld stry ons gedurig teen negatiewe invloede in ons lewe. Party liewe broers en susters moet elke dag hard stry om hulle verhouding met Jehovah te behou. Dit maak hulle baie geliefd by hom. Moenie tou opgooi nie! As ons ons lewe lei op ’n manier wat Jehovah behaag, sal dit ons groot tevredenheid verskaf en verseker dat ons aanbidding nie vergeefs is nie.—1 Kor. 9:24-27.

¹⁶ Maar wat moet ons doen as ons ’n ernstige sonde gepleeg het? Vra so gou moontlik om hulp. As jy dit wegsteek, sal dit dinge net vererger. Onthou, Dawid het gesê dat ‘sy gebeente weggeteer het deur sy gekreun die hele dag’ toe hy stilgebly het oor sy sondes (Ps. 32:3). Ja, as ons geheime sondes verberg, sal ons net emosioneel en geestelik moeg raak, maar “hy wat dit bely en laat staan, sal barmhartigheid bewys word”.—Spr. 28:13.

¹⁷ Beskou die voorbeeld van Anne.* Toe Anne in haar laat tienerjare was, het sy as ’n gewone pionier gedien. Maar sy het ’n dubbele lewe begin lei. Dit het ’n groot uitwerking op haar gehad. Sy sê: “Wat van my gewete oorgebly het, het skuldig gevoel. Ek was die hele tyd ongelukkig en terneergedruk.” Wat het sy gedoen? Toe Jakobus 5:14, 15 eendag by die vergadering bespreek is, het Anne besef

* Naam is verander.

15. Waarom moet ons hard stry om te doen wat Jehovah behaag?

16, 17. (a) Wat moet ons doen as ons ’n ernstige sonde gepleeg het? (b) Hoe kan ons by Anne se voorbeeld baat vind?



Help ander ywerig om te verstaan dat hulle ook deel van Jehovah se groot organisasie kan wees

dat sy hulp nodig het en het sy die ouer manne om hulp gevra. Sy dink daaraan terug en sê: “Daardie tekste is ’n voorskrif wat Jehovah geskryf het om ons geestelik te genees. Die medisyne is nie maklik om te sluk nie, maar dit is genesend. Ek het die raad in daardie tekste toegepas, en dit het gewerk.” ’n Paar jaar het verloop, en Anne dien Jehovah nou weer ywerig met hernieude krag en ’n goeie gewete.

¹⁸ Wat ’n voorreg is dit tog om in hierdie laaste dae te lewe en deel van Jehovah se ongelooflike organisasie te wees! Laat ons vasbeslote wees om dit nooit as vanselfsprekend aan te neem nie. Laat ons eerder as ’n gesin saamwerk om Jehovah gereeld saam met ons plaaslike gemeente te aanbid, om ywerig na opregtes van hart in ons gebied te soek en om diepe waardering te hê vir die gereelde voorsienings van geestelike voedsel wat ons ontvang. Laat ons ook diegene ondersteun wat die leiding neem en seker maak dat ons lewe ooreenstem met die boodskap wat ons verkondig. As ons dit doen, sal ons nie net met Jehovah se organisasie tred hou nie, maar sal ons nooit moeg word om te doen wat goed is nie!

18. Wat moet ons vasbeslote wees om te doen?

Is Jerusalem se tempel ooit ná 70 HJ herbou?

JESUS het gesê dat nie 'n klip van Jehovah se tempel op 'n klip gelaat sou word nie—'n profesie wat vervul is toe die Romeinse leër onder Titus Jerusalem in 70 HJ vernietig het (Matt. 24:2). Keiser Julianus wou die tempel later herbou.

Julianus is al die laaste heidense keiser van Rome genoem. Hierdie broerskind van Konstantyn die Grote het 'n sogenaamde Christelike opvoeding ontvang. Maar nadat hy in 361 HJ tot keiser uitgeroep is, het hy daardie opvoeding en die verdorwe vorm van die Christelike godsdienst van sy dag openlik verwerp ten gunste van die heidendom. Geskiedenisboeke verwys na hom as “die Afvallige”.


Julianus het die Christelike godsdienst gehaat. Een rede was waarskynlik dat hy as sesjarige toegekyk het toe verteenwoordigers van die Christe-

like godsdienst sy pa en familielede vermoor het. Volgens kerkgeskiedskrywers het Julianus die Jode aangemoedig om hulle tempel te herbou omdat hy geglo het dat dit sou bewys dat Jesus 'n valse profeteet was.*

Daar bestaan geen twyfel dat Julianus die tempel wou herbou nie. Geskiedkundiges is dit nie eens of hy werklik die herbouwerk begin het nie en, indien wel, waarom hy dit laat vaar het nie. Maar een ding is seker. Julianus is vermoor minder as twee jaar nadat hy die bewind oorgeneem het, en sy projek het saam met hom gesneuwel.

* Jesus het nie gesê dat die tempel nooit herbou sou word nie, maar dat dit vernietig sou word, wat wel in 70 HJ gebeur het.

Die tempel soos dit moontlik in Jesus se dag gelyk het, uitgebeeld op sy oorspronklike ligging



Vandag staan die Rotskoepel op die Tempelberg

Foto: Todd Bolen/BiblePlaces.com